

**GROOT PRYSGELD
OP DIE SPEL!**

Wen groot met jou unieke boereplanne op vanjaar se NAMPO Virtual. Jou video-inskrywing kan jou 'n geldprys in die sak bring.

Landbou BOEREPLANNE

Geborg deur



Amptelike inskrywingsvorm

Hierdie planne sluit in enige toerusting wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te spreek.

Inskrywings

Rig inskrywings aan Carien Grobler by carien.grobler@omnia.co.za of stuur dit per WhatsApp na 061 508 1136. Deelnemers wat per WhatsApp inskryf, kan die inligting op die inskrywingsvorm noukeurig en in die regte volgorde in 'n WhatsApp-boodskap stuur of die vorm invul en 'n foto daarvan stuur. Video's moet in MP4- of WMV-formaat wees.

Naam en van: _____

Adres: _____

Selffoonnommer: _____

Beskrywing van inskrywing:

Dui die afdeling waarin jy wil deelneem met 'n regmerk aan:

A Algemeen

Nuut - masjinerie, implemente en landboutoerusting reke naarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)

Gemodifiseerd - masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)

Gereedskap – alle gereedskap, elektries sowel as nie-elektries.

Huis en tuin – planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis.

B Enige item soos hier bo met 'n vervaardigingskoste van minder as R5 000.

Ek onderneem hiermee om by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: _____

Reëls Video waarin die Boereplan gewys en beskryf word, moet aan die organiseerders gestuur word om tydens NAMPO Virtual te vertoon. Die video moet in MP4- of WMV-formaat wees en die volgende vrae beantwoord:

- Wat is die doel van die Boereplan (watter uitdaging spreek dit aan)?
- Waaruit is dit gemaak? / Hoe is dit ontwikkel (bv. in die geval van 'n rekenaartoepassing)
- Hoe werk dit? (Beskryf die werking van die Boereplan in volledige besonderhede.)

- Inskrywings moet van die amptelike inskrywingsvorm of al die inligting op die vorm vergesel wees.
- Inskrywings moet die organiseerders voor of op 2 September 2020 bereik.
- Die wenners sal op Donderdag 10 September 2020 om 10:00 by die virtuele stalletjie van Landbou Boereplanne bekend gemaak word.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
- Die beoordelaars sal pryse na hul diskresie toeken en inskrywings diskwalifiseer sou dit nie gepas wees na hulle oordeel nie.
- Deelnemers kan 'n maksimum van vyf inskrywings in een van die bogenoemde afdelings inskryf. Let wel dat deelnemers nie in albei afdelings mag meeding nie.
- Alle inskrywings in Afdeling A sal saam beoordeel word waarna 'n wenner aangewys sal word. Afdeling B geld slegs vir items met 'n vervaardigingswaarde van minder as R5 000.

* Die reëls vir Landbou Boereplanne is aangepas in die gees van die uitdagende tyd wat ons beleef. Ons beskou dit as 'n geleentheid wat ons in 'n ligte luim saam kan ervaar. Die reëls sal egter gewysig word vir NAMPO Oesdag 2021 te Nampopark.

Skakel Carien Grobler by 061 508 1136 met navrae.